**VRAAG 7: SINSTRUKTURE**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande teks gebaseer.

| |
|---|
| Met 'n bietjie hulp kan 'n (ryk aan glorie) toekoms meer as net 'n droom word. Werk hard vir 'n beter toekoms. Laat niks en niemand jou toekomsvisie beïnvloed nie. |

Dui die hulpwerkwoord aan in die volgende sin .

Die dogter het hard aan haar toekomsdrome gewerk. (1)

7.2 Sê watter **soorte sinne** die onderstaande sinne is.

Voorbeeld: Reik uit na 'n beter toekoms. (stelsin)

7.2.1 Die toekoms lê vir ons voor, indien ons baie hard werk en studeer.

________________________________________ (1)

7.2.2 Hoekom studeer julle nie vir 'n beter toekoms nie?

________________________________________ (1)

7.3 Skryf die onderstaande sin oor vanaf die TEENWOORDIGE TYD na die TOEKOMENDE TYD.

Die seun reik na die sterre sodat hy die hoogste sport kan bereik.

________________________________________ (1)

7.4 Skryf die onderstaande sin oor vanaf die VERLEDE TYD na die TEENWOORDIGE TYD.

Ek het graag na Gareth Cliff op Idols gekyk.

________________________________________ (1)

7.5 Skryf die onderstaande sin oor in die INFINITIEWE vorm. (om ... te)

Gareth hou daarvan (mense se sang) beoordeel.

________________________________________ (1)

7.6 Skryf die onderstaande sin oor vanaf die BEDRYWENDE VORM na die LYDENDE VORM.

Hy beoordeel die mense se sangtalent.

________________________________________ (2)

LIVEWORKSHEETS

7.7 Skryf die onderstaande sin oor in die DIREKTE REDE.

Gareth sê dat hy mense op grond van hul sangtalent beoordeel.

Gareth sê ______________________________________________

______________________________________________ (3)

7.8 Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies neer.

Die Oos-Kapenaars sing (mooi) as die Gautengers.

______________________________________________ (1)

**[12]**

LIVEWORKSHEETS